

Sing vooraf staande: Psalm 135:1, 2 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 2 Loof die HEER se goedheid luid, / al wie in sy voorhof kom!
Want Hy kies vir Jakob uit, / Is'rel tot sy eiendom.
Bo al wat die mens vereer – / groot, dit weet ek, is die HEER.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 96:1, 5 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 5 Gee aan sy Naam die hoogste eer. / Bring aan uit alle lande / sy tempelofferande;
buig daar in heil'ge kleding neer! / Die aarde – al wat leef, / moet voor Hom skrik en beef.

Gebed

Psalm 145:1, 2 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Konings-eer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.

Skriflesing: Levitikus 24:10-23; Heidelbergse Kategismus, Sondag 36:99

Kernvers: Levitikus 24:15-16

Sê dan vir die Israeliete: Elkeen wat vir God laster, sal die straf daarvoor kry. Wie die Naam van die Here oneerbiedig gebruik, moet die doodstraf kry. Die hele gemeente moet hom met klippe doodgooi. Dit geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge: wie die Godsnaam oneerbiedig gebruik, moet sterf. (Levitikus 24:15-16 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroep (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).

(a) Lev 24:15, 16. (b) Lev 19:12. (c) Matt 5:37; Jak 5:12. (d) Lev 5:1; Spr 29:24. (e) Jer 4:2; Jes 45:23.

(f) Matt 10:32; Rom 10:9-10. (g) Ps 50:15; 1 Tim 2:8. (h) Kol 3:17; Rom 2:24; 1 Tim 6:1.

Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).

(a) Spr 29:24; Lev 5:1. (b) Lev 24:16.

Tema: 'n Dankbare gelowige gebruik die Here se Naam met respek en eerbied

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Here het sy wet gegee sodat die gelowige as kind van God kan lewe. Ons wat met die kosbare bloed van Christus losgekoop is van ons sonde en die duiwel se heerskappy, het die wet as riglyn vir ons lewe van dank teenoor God. Wanneer dit by die derde gebod kom, neem die dankbare gelowiges hulle voor om God se Naam net met eerbied en respek te gebruik. Ons wil God se Naam ewig loof en prys. Maar hoekom loof ons net die Naam van die Here? Hoekom loof ons nie die Here self nie? Hy is immers ons almagtige God en barmhartige Vader. Dit is tog God wat ons van die ewige dood en Satan se heerskappy verlos het. Ons moet mos die Here ons God loof en prys.

Dit is inderdaad so, ons moet God loof en prys. Maar nou moet ons ook onthou: God se Naam kan nie van Homself losgemaak word nie. Ons het so pas in Psalm 145 gesing: **U Naam, o Heer, so hoog in heerlijkheid, wil ek verhef vir ewig en altyd.** So is daar nog baie ander psalms waarin ons die Naam van die Here loof. Met hierdie psalms word God nie 'n onreg aangedoen nie. God se Naam is nie maar net 'n klank of 'n woord in die mond van mense nie. God se Naam en God self is so in en met mekaar verenig dat 'n mens kan sê: waar God se Naam is, daar is God self teenwoordig. Daarom kon Dawid vir Goliat sê: **ek kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het.** Daarmee het Dawid bedoel dat God self by hom is in sy stryd teen Goliat en die Filistyne. Dus, waar daar in die Bybel van die Naam van God gepraat word, word God self bedoel.

Om die saak nog duideliker te maak, kan ons dit so stel: As ons sê iemand het 'n slegte naam, beteken dit in werklikheid dat daardie mens as persoon sleg is. Tussen 'n mens en sy naam is daar 'n baie noue band. Nog meer so is dit in die geval van God. Daar is immers net een Goddelike wese vir wie ons met die Naam *God* of *Here* kan aanroep. Daarom, as ons van God se Naam praat, praat ons van God self. So heilig as wat God is, so heilig is sy Naam.

Aangesien daar geen skeiding gebring kan word tussen God en sy Naam nie, kan ons nou begin kyk wat die Here in die derde gebod aan ons openbaar. Die derde gebod is baie goed bekend: **jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik nie ongestraf laat bly nie.**

Die woord *misbruik* in ons vertaling is eintlik 'n samevoeging van twee Hebreeuse woorde. In die ouer Afrikaanse vertaling is dit vertaal met *ydellik gebruik*. **Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie.** Wanneer 'n mens die Naam van die Here ydellik gebruik, gebruik jy sy Naam op 'n ligsinnige manier. Iemand wat die Here se Naam so gebruik, maak asof die Naam van die Here waardeloos is. Die Here se Naam is vir so 'n mens maar net nog 'n woord wat hy kan gebruik soos enige ander woord. Of hy gebruik die Naam van die Here as 'n woord wat geen betekenis het nie.

Broers, susters en kinders, die ergste vorm van ydellike gebruik van die Here se Naam is lastering. Die Heilige Gees leer ons in Levitikus 24 dat dit juis hierdie ergste vorm van ydellike gebruik van die Here se Naam is wat die seun van Selomit gepleeg het. Hy het met 'n ander Israeliet in 'n stryery betrokke geraak daar tussen al die mense in die kamp. En nou weet ons mos wat gebeur wanneer twee mense aan die stry raak oor 'n saak. Die dinge raak naderhand so warm dat 'n mens in die hitte van die oomblik 'n ding sê nog voordat jy mooi gedink het wat jy sê. Dan is dit te laat. Die skade is gedoen en die pad van herstel is bitter moeilik.

Nou kan ons onself maar net voorstel wat daar in die Israeliete se kamp gebeur het. Selomit se seun en die ander man het aan die stry geraak ten aanhore van al die mense. En skielik, in die hitte

van die oomblik, sê hy dit. Hy het die Naam van God lasterlik gebruik. Wat hy nou presies gesê het, weet ons nie. Hy kon God se Naam miskien misbruik het soos baie mense dit vandag doen en ons dit in fliks en op TV hoor. Of hy kon selfs die Here gevloek het. Maar dit maak nie saak wat hy gesê het nie, al wat ons hoef te weet, is dat hy God gelaster het. En toe raak dit doodstil. 'n Mens sou 'n speld kon hoor val, want hierdie man het die Here se Naam gebruik soos wat geen ander mens dit al ooit gebruik het nie. Hy het God se Naam gebruik om krag aan sy swak en sondige woorde te verleen. Wat nou? Ons moet nou na Moses toe gaan; hy sal weet wat moet gebeur. Die Here het beveel dat geen mens sy Naam mag misbruik nie en dat iemand wat so iets doen deur die Here self gestraf sal word. Maar hoe? Dit weet niemand nie. En daar is hulle weg na Moses toe.

Moses-hulle het toe tot die Here gebid om hulle deur sy Gees te lei tot die regte beslissing. Luister weer wat is die Here se beslissing oor hierdie saak: **vat die man wat gelaster het, uit die kamp uit. Laat almal wat hom hoor laster het, hulle hande op sy kop sit, en laat die hele gemeente hom met klippe doodgooi. Sê dan vir die Israeliete: elkeen wat vir God laster, sal die straf daarvoor kry. Wie die Naam van die Here oneerbiedig gebruik, moet die doodstraf kry. Die hele gemeente moet hom met klippe doodgooi. Dit geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge: wie die Godsnaam oneerbiedig gebruik, moet sterf.**

In hierdie uitspraak maak die Here self die verbinding tussen Homself en sy Naam duidelik. Selomit se seun het God se Naam lasterlik gebruik. En die Here beveel dat elkeen wat vir God laster, moet sterf. Dit wil sê, iemand wat God se Naam misbruik, misbruik eintlik vir God. Selomit se seun het God oneer aangedoen deur Hom nie te ag vir Wie Hy is nie.

By hierdie uitspraak van God sluit ons Kategismus in antwoord 100 aan. **Geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf.**

Geliefdes, wat Selomit se seun gedoen het, is nie onbekend aan ons nie. Vandag is daar steeds mense wat veral wanneer hulle vloek en skel, maar ook andersins, die Naam van die Here gebruik om ander mense te beïndruk. 'n Vloeker is eintlik 'n swakkeling wat deur sy gevloek uiting gee aan sy swakheid en onmag. As hy nie vloek nie en nie die Here se Naam lasterlik gebruik nie, het dit wat hy sê geen krag nie. Sy ja is nie ja nie en sy nee is nie nee nie. En nou probeer hy met die misbruik van God se Naam sy kragteloze woorde bo verdenking plaas. Maar in die tussentyd is hy besig om op 'n roekelose wyse God se Naam deur die modder te sleep en hy maak homself skuldig voor die heilige God wat nie met Hom laat spot nie.

Die Here se Naam word egter nie net op so blatante wyse gelaster nie. En God se uitspraak is ook nie net teen sulke blatante lastering van sy Naam gerig nie. Met die Tien Gebooie se woorde sê die Here baie meer as wat 'n mens sommer net so op die oppervlak lees. Iemand kan nou vra, maar hoe bedoel jy dat daar meer geskryf staan as wat ons kan raaksien? Jesus is vir ons self die voorbeeld van die verstaan van die Tien Gebooie. As Hy byvoorbeeld die sesde gebod verklaar, sê Hy dat dit nie net gaan oor moordpleeg nie. Ook wanneer 'n mens iemand anders vloek en skel, begin jy om die sesde gebod te oortree.

Daarom bely ons: God verbied nie net 'n blatante lastering van sy Naam nie, maar ook enige ligsinnige gebruik van sy Naam. 'n Mens wat die Naam van God ligsinnig gebruik, gebruik die Naam sonder eerbied en respek. Nie net buite die kerkgebou nie maar ook in die kerkgebou kan die Here se Naam ydellik gebruik word. Wanneer daar gebid word, is ons veronderstel om met ons gedagtes voluit by die gebed betrokke te wees. Gebed in die erediens is mos nie die predikant se gebed nie. Die hele gemeente bid met die mond van die predikant of wie ook al voorgaan in gebed. As ons aan allerhande ander dinge dink gedurende die gebed, gebruik ons die Naam van die Here asof dit maar net nog 'n woord in ons mond is. Selfs wanneer ons sing sonder om te dink wat ons sing, kan ons die

Naam van God ydellik gebruik. Daarom moet ons onself ondersoek en kyk hoe ons die Naam van die Here gebruik. Doen ons dit met die nodige respek en eerbied?

Daar is egter nog 'n vraag na aanleiding van Levitikus 24 wat by 'n mens opkom. Die klomp mense wat gehoor het toe Selomit se seun God se Naam lasterlik gebruik het, het hulle nie gaan nuus aandra nie? Was hulle nie maar soos 'n klomp kinders wat wou sien hoe hierdie man 'n pak slae kry nie?

Nee, geliefdes, luister weer hoe ons bely: **verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie**. As ons sou stilbly, is ons ook skuldig aan hierdie sonde. Dit is so ernstig dat ons verder ook bely: **dit is so 'n groot sonde wat God meer as enige ander sonde vertoorn wanneer ons nie soveel as wat in ons vermoë is, doen om die sonde te verbied en teë te gaan nie**. Ja, ook die een wat swyg oor so 'n sonde is skuldig aan daardie sonde.

Daarom kan en mag ons ook nie sê: Ag, laat die vloekers maar vloek en laster, nie. God eis van ons om in sulke omstandighede sy getuies te wees en doelgerig sy Naam in die hoogste eer te hou. Ons is God se kinders en daardie vloeker weet dit dikwels ook. As ons hom of haar nie vermaan nie, is dit net so goed ons stem saam met wat hy met die Here se Naam doen.

Ons weet ook dat dit nie altyd so maklik is nie. Die gelowige wat 'n vloeker vermaan, word ook dikwels deur die vloeker sleggesê en beswadder. Ja, gelowiges word selfs uit die gemeenskap uitgeskuif. Maar dan moet ons onself afvra: Is my naam en my posisie in die samelewing belangriker as God se Naam? Jesus Christus het immers gesê: **'n slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg**. En die volgende woorde van Christus skiet ons ook te binne: **elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is**.

Daarom, kom wat wil, ons moet die vloekers en lasteraars teëgaan en bestraf. God eis dit van ons. Hy gebruik juis sy kinders om mense te keer wat hierdie sonde doen en om hulle tot bekering te roep. As Hy hierdie opdrag nie aan ons gegee het nie, sou Hy met al sy mag op die vloeker self moes afkom. Wie sou dan nog voor die ewige God wie se Naam heilig is, kon bestaan? G'n mens sou nog voor God kon bestaan nie, want die hele wêreld is strafwaardig voor God.

Maar, geliefdes, ons mense hou ons mos slim. As dit dan so 'n groot sonde is om God se Naam te laster, is dit dan nie beter om nooit God se Naam te gebruik nie? As ons dit wil begin doen, speel ons reg in die Satan se hande. Hy wil hê dat ons God se Naam heeltemal sal verswyg en nooit êrens noem nie. Maar as ons God se Naam nooit noem nie, is ons besig om God self te ignoreer, te maak asof Hy glad nie bestaan nie. Dan word die indruk gewek dat God 'n faktor is met wie ons nie rekening hoef te hou nie, ons kan sonder Hom klaarkom. Is dit nie ook maar laster nie?

In hierdie opsig moet ons wat kinders en kleinkinders in die skool het onself afvra tot waar sal ons gaan om toe te sien dat God se Naam nie uit ons skole en ander onderwysinrigtings verdring word nie? Die tendens om alle godsdiensoefeninge uit die skool te haal, is nie 'n nuwe ding nie. In ons land is daar 'n geskiedenis van sogenaamde neutrale skole. Met neutrale skole word bedoel dat die onderwys niks met godsdiens te doen moet hê nie. In werklikheid is dit maar 'n verswyging van God se Naam. Gaan ons hieraan meedoen of dit maar gelate aanvaar, of gaan ons openlik ons vir die Here en sy Naam uitspreek?

Met ons belydenis roep ons onself op: **Ons mag die Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie, sodat ons Hom reg kan bely, aanroep en in al ons woorde en werke prys**. Ons moet God met elke woord en daad prys ter wille van die eer van sy Naam. Dan gebruik ons sy

Naam met vrees en eerbied.

Geliefdes, as die Here nie aan ons die opdrag gegee het om die vloekers en lasteraars teë te gaan en te bestraf nie, sou Hy met sy volle mag die vloeker getref het. Juis vir hierdie Godslastering het Christus in ons plek aan die kruis gehang. Dit is oor beweerde Godslastering dat Christus tot die dood veroordeel is. Kajafas, die hoëpriester, het vir Jesus gesê: **Ek stel jou onder 'n eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun van God?** Jesus het geantwoord: **Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel.** Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: **Hy het God gelaster. Waarvoor het ons nog getuienis nodig? Daar het julle nou net die Godslasterike woorde gehoor. Wat dink julle? Almal het geantwoord: Hy verdien die dood!**

Met hierdie valse beskuldiging is Christus ter dood veroordeel. Hy wat geswyg het toe Hy moes swyg en gepraat het toe Hy moes praat, het gesterwe om te betaal vir ons wat baie maal swyg wanneer ons moet praat en baie maal praat wanneer ons moet swyg of met eerbied van God moet praat. Geliefdes, ons is deur die geloof aan Christus verbind. Die Heilige Gees het ook ons sondes aangaande die derde gebod van ons afgewas. Daarom gaan ons uit dankbaarheid die Naam van die Here nie misbruik nie maar altyd met ons woorde en werke sy Naam prys.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:1, 5, 11

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,
deur wolke en donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 5 Misbruik die Naam van God die Heer nie, / en bly altyd jou eed getrou,
want hulle wat sy Naam nie eer nie, / sal God geensins onskuldig hou.
- 11 Ons het, o Heer, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
6 November 2011